Musikale Lof en Aanbidding in Selgroepe (Omgeegroepe)

deur Abri Brancken

"***Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.***"
Kol 3:16

Hier is nege baie eenvoudige, maar bruikbare riglyne vir musikante wat lof en aanbidding lei in selgroepe en omgeegroepe. Aangesien die meeste kerke 'n meer tradisionele en gestruktureerde benadering volg met die uitsoek, voorbereiding en aanbieding van liedere tydens byeenkomste en eredienste, word hierdie riglyne daarvolgens hanteer. Let asseblief daarop dat die toepassing van hierdie riglyne van groep tot groep kan verskil, a.g.v. omstandighede en ander faktore.

1. Wees voorbereid en weet wat jy wil doen
Kies die liedere wat jy wil gebruik sorgvuldig uit. Maak seker dat jy die liedere ken en dat jy en/of die begeleier die liedere korrek kan speel. Foute het 'n manier om die fokus van Jesus te verplaas na die musiek, of die aanbieder daarvan. Ons wil dit nie hê nie. Wees veilig, gebruik eerder beskikbare bladmusiek of 'n boek, as om te probeer om uit jou kop te speel en foute te maak. Maak seker dat jy die woorde van die liedere wat jy wil sing beskikbaar het vir dié wat nie die woorde ken nie. Maak seker dat jy nie liedere kies in 'n te hoë of lae toonaard nie. Dit sal verseker dat almal gemaklik kan saamsing.

2. Eenvoud
Hou dit wat jy doen, eenvoudig. Moenie 'n moeilike lied probeer speel, indien jy dit nié korrek kan doen nie. Jy hoef niemand met jou vaardigheid en/of vermoë te beïndruk nie. Pasop vir te veel ingewikkelde akkoordprogressies en/of solos. Hoe moeiliker die musiek, en hoe meer jy probeer doen, hoe makliker kan jy foute maak. Doen eerder minder as meer en moet nooit die seën van eenvoud onderskat nie. Laat die musiek toe om asem te haal, met ander woorde: jy hoef nie die heeltyd met al jou energie te speel en die lied in die proses te "versmoor" nie, veral nie aanbiddingsliedere nie. Minder is baie keer meer.

3. Wees selfversekerd in jou aanslag
Onthou dat mense na jou kyk om die leiding te neem. Doen dit met selfvertroue. Moenie die geleentheid begin deur verskoning te maak vir jou gebrek aan aardigheid en vermoëns nie. Wanneer jy 'n fout maak, gaan voort, moenie stop en om verskoning vra en sodoende die vloei van die aanbidding onderbreek nie. Ons maak almal foute, moet dus nie toelaat dit jou van koers afgooi nie.

4. Wees kort en spesifiek
Sê wat jy wil sê en wees spesifiek. Onthou dat Jesus die fokus is en nie jy of enige iemand anders nie. Jou werk en doel is om mense op Jesus te laat fokus en dan op die agtergrond te skuif. Sê net dit wat nodig is om die groep op Jesus te laat fokus en laat die Here dan toe om hulle self nader aan Hom te trek. Jy hoef nie tussen elke lied te praat nie. Dit mag dalk vir jou voel of dit nodig is, veral wanneer die groep nie ten volle meeleef in die aanbiddingsproses nie. Moenie toegee aan hierdie druk nie, maar dit beteken nie dat jy geensins mag praat of bid nie. Wees bloot sensitief. Onthou dit: "Minder is baie keer beter".

5. Wees positief
Fokus op die karakter van God, byvoorbeeld: Sy liefde, getrouheid, skoonheid, ens. Onthou dat die Here die hele tyd by jou is. Die Heilige Gees is daar om die hele groep te bedien en dit sluit jou in!

6. Wees sensitief
Jy moet die heeltyd bewus wees van drie dinge (realiteite) terwyl jy die aanbidding fasiliteer: a) Wees bewus wat met die musiek gebeur. Vloei die musiek? b) Jy moet die atmosfeer van die groep kan aanvoel. Kom die mense in kontak met God of sukkel hulle? Soms is dit nodig om die chronologiese volgorde van die liedere aan te pas en die mense sodoende by te staan om in kontak met Hom te kom. c) Wees sensitief vir die Heilige Gees, sodat jy Hom kan volg en kan hoor wat Hy sê.
Moenie deur die liedere jaag nie. Onthou dat dit nie bloot net 'n program van musikale aanbidding is wat jy moet volg nie; dis intieme, intense, egte kommunikasie met die Lewende God. Aan die ander kant moet jy versigtig wees om nie die aanbidding uit te rek en dit te laat trek nie. Dit is belangrik om te weet wanneer om aan te gaan en wanneer om te wag. 'n Mens leer dit maar deur ondervinding.

7. Wees opreg
Jy moet self ook aanbid. Vestig jou oë op Jesus en verklaar Sy almag. Mense sal eet wanneer jy bloot net teatraal optree en wanneer jy opreg is in jou aanbidding. Moenie toelaat dat jou posisie jou daarvan weerhou om self ook te aanbid nie. Weereens, indien jy goed voorbereid is, sal dit jou help om makliker op Hom te fokus.

8. Wees passievol oor aanbidding
Aanbidding vereis heelhartige deelname. Moenie bang wees om self ten volle betrokke te raak in die proses van aanbidding nie. Jy kan jou liefde fisies uitleef deur jou sang, spel, liggaam, ens. Moedig die res van die mense aan om dieselfde te doen. Wees vry voor die Here en wees jouself.

9. Onthou, dit gaan alles oor Jesus!!
Seker die belangrikste om te onthou is dat musikale lof en aanbidding ten doel het om God se hart te bedien. Aan die einde van die dag bedien en verheerlik jy net een persoon, God. Hy is ons fokuspunt en Hy is die rede waarom ons doen dit wat ons doen. Alhoewel jy 'n belangrike fasiliteerende rol speel in die aanbiddingsproses, gaan dit nie primêr oor die mense nie, maar die Here. God het musiek geskep sodat Hy daardeur verheerlik kan word. Kom ons doen dit. Fasiliteer met alles wat in jou is, maar onthou dat die mense nie die ontvanger van die lof en aanbidding is nie, Jesus is. Om Sy hart te bedien is ons einddoel.

Finale opmerking:
Oefen om jou instrumentale vaardigheid te verbeter. Hoe vaardiger jy is en speel, hoe minder weerstand sal daar wees vir die Heilige Gees wanneer Hy begin beweeg deur die musiek. Lewe 'n heilige lewe in eenheid met God want ons is daartoe geroep. Onthou altyd: "The price of greatness is responsibility."

Geniet jou aanbidding…